Konfirmasie 2

Lestitel: Vrede en tevredenheid

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Vrede en tevredenheid”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Vrede en tevredenheid
Bybelwoord	2 Samuel 11, 2 Samuel 12, Mattheus 26: 39, Johannes 14: 27, Filippense 4: 7 en Openbaring 22:20
Kategismus & V&A	Hoofstuk 5, V&A 359-364

Lesdoelwit	Die konfirmante weet dat God diepgaande en blywende vrede in sy eie se harte wil bewerkstellig. Hulle ken hierdie vrede en wil dit in hul harte dra.

Lesopsomming:

● Koning Dawid het 'n baie mooi vrou gesien en uitgevind dat sy Batseba heet. Sy was die vrou van Uría. Al was sy getroud wou Dawid hierdie vrou vir homself hê en het hy gereël dat haar man in die voorste linie van sy leër doodgemaak word (vgl. 2 Samuel 11).
● Dawid het die 6de en 5de gebod oortree. Hy het owerspel gepleeg en 'n moordenaar geword.
● God het twee verdere gebooie gegee (die 9de en 10de). Hulle lei ons in ons optrede teenoor ons medemense en hul eiendom:
 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. En ...
 Jy mag nie jou naaste se vrou of sy dienskneg of sy diensmaagd of sy os of sy esel of enige iets wat jou naaste s'n is begeer nie.
● God het die tien gebooie aan sy volk gegee sodat hulle in harmonie en vrede kon saamleef sonder angs of vrees. Sy volk moes 'n voorbeeld en seën vir alle mense wees.
● As kinders van God bring ons ons aardse verlangens in gebed tot ons Hemelse Vader. Ons voeg egter altyd by: "Nie soos Ek wil nie, maar soos U wil" (Mattheus 26: 39). Tevredenheid en vrede in ons hart is 'n goeie basis om in vrede met ons medemense te leef. Daar is egter meer aan ware vrede en ware harmonie as om eenvoudig nie ons naaste te beny of te benadeel nie.
● Ons moet alle gevoelens en gedagtes wat nie goed is nie, oorwin. Ons moet ons naaste van harte goedheid toewens. Ware en konstante vrede en harmonie sal dan ons deel wees.
● Dit is nie altyd maklik om vrede in ons hart te hê en te bewaar nie. Ons weet almal dat ons hierdie vrede vinnig kan verloor as gevolg van dinge wat met ons en rondom ons gebeur.
● Die Here Jesus het gesê: "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle" (Johannes 14: 27). Deur Jesus bied God ons goddelike vrede "wat alle verstand te bowe gaan" (Filippense 4: 7).
● As ons alles wat Jesus Christus aan ons bied aangryp, sal ons baie vertroue en innerlike krag hê.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Dit is baie belangrik dat ons die gebooie van God gehoorsaam.
- Hieronder tel die 9de en 10de gebod wat ons leer om niks te begeer wat aan ons naaste behoort nie.
- God het die tien gebooie aan ons gegee sodat ons in harmonie en vrede kan saamleef, sonder angs of vrees.
- Ons moet voorbeelde en seën wees vir alle mense.
- Dit is nie altyd maklik om vrede in ons hart te behou nie, maar ons moet hierdie vrede verseker en bewaar.
- Ons moet daarna streef om die goddelike vrede van Jesus Christus binne ons te hê!

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Watter gebooie het koning Dawid oortree toe hy vir Batseba begeer het?
Antwoord: 5de en 6de gebod
2. Waarom het God die tien gebooie aan sy volk gegee?
Antwoord: God het die tien gebooie aan sy volk gegee sodat hulle in harmonie en vrede kon saamleef en sonder angs of vrees. Sy volk moes 'n voorbeeld en 'n seën vir alle mense wees.
3. Verduidelik waaroor die 9de en 10de gebod gaan?
Antwoord: Ons moet nie die besittings van ons naaste of ons naaste se vrou of man begeer nie.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen